NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
2020

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# SKRIFTELIKE SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SBA)
# GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA)

---

## LEER- EN ONDERRIGPROGRAM VIR LEERDERS

**TEMA: Die positiewe invloed van vroue in tieners se lewens.**

## AKTIWITEIT 1 DINKSKRUM IN KLASVERBAND

D.J. Opperman (1917–1985) het die gedig "Sproeireën" geskryf. (Bylaag, bl. 1)
Bespreek die gedig nou in die klas aan die hand van die volgende opdragte:

- Die gedig verwys na die invloed van vroue op die spreker se lewe. Sou jy sê dat die invloed positief was? Bespreek kortliks.
- Wie het die spreker as kind getroos? Wat herinner hom aan sy kinderdae?
- Verduidelik waarom hy aan sy meisie dink wanneer hy 'n nartjieskil tussen sy vingers buig.
- Hoe is dit moontlik dat die geur van kaneel hom aan sy ouma herinner?
- Bespreek nou hoe vroue in die algemeen 'n groot rol in jou jongmenslewe speel.

## AKTIWITEIT 2 KLASGESPREK

Doen navorsing in die klas oor Malala Yousafzai, 'n tieneraktivis van Pakistan (Bylaag, bl. 2). Bespreek die rol wat hierdie tienerdogter in die lewe van miljoene ander jong meisies regoor die wêreld gespeel het. Verwys gerus na die volgende:

- waarom haar ouderdom haar optrede merkwaardig maak
- die invloed wat sy op ander jong mense kan hê
- struikelblokke wat sy as aktivis moes oorbrug
- die verandering wat haar dade teweeg kan bring
- watter lewensbeginsels jy graag deel van jou lewe sou wou maak

## AKTIWITEIT 3 GROEPWERK

Lees die briefie wat Nushca Wilmans aan haar ouma geskryf het (Bylaag, bl. 3) en bespreek dit dan in groepe.

**Opdrag:** Bespreek in groepsverband die waarde van jou ouma in jou lewe.

IEB © Copyright 2020 

## AKTIWITEIT 4 INDIVIDUELE NAVORSING VIR OPSTEL

In hierdie aktiwiteit moet jy navorsing doen. Hierdie navorsing gaan in die volgende twee aktiwiteite gebruik word.

In jou opstel moet jy na TWEE vrouefigure verwys wat 'n groot invloed op jou as tiener het/gehad het. Jy moet navorsing oor die twee vroue doen. In die toespraak gaan jy egter net verwys na EEN van die twee vroue wat jy nagevors het.

Jy moet navorsing doen oor EEN vrou in jou persoonlike lewe. Dit kan 'n moeder, ouma, tante, onderwyseres of selfs 'n vriendin wees. Die inligting moet gedurende 'n onderhoud met hierdie persoon versamel word. Die voltooide onderhoud is deel van jou navorsing. Hier volg 'n voorbeeld vir die formaat van jou onderhoud, maar jy mag daaraan verander.

Onderhoud met:

Hoedanigheid:

In die onderhoud kan daar op die volgende punte gefokus word:

- Inligting oor die vrou waarmee die onderhoud gevoer word.
- Jou verbintenis met die vrou waarmee onderhoud gevoer word.
- Die positiewe invloed van hierdie vrou op jou lewe.
- Hoe hierdie vrou jou toekoms moontlik sal beïnvloed.

**EN**

Jy moet navorsing doen oor EEN vrou wat 'n besondere indruk op jou gemaak het en wie se voorbeeld jy graag sou wou volg. Die vrou wat jy navors kan nasionaal of internasionaal bekend wees. Jy sal die internet moet inspan wanneer jy hierdie persoon navors.

'n Volledige bronnelys/bibliografie moet by die opstel ingesluit word.

In die opstel moet jy van TWEE verwysings gebruik maak. Die verwysings moet na TWEE Afrikaanse gedigte verwys en in die inleiding- en slotparagraaf gebruik word. Die verwysings mag aanhalings uit gedigte wees waarna die inhoud van die opstel verwys.

Jou skryfstuk (Aktiwiteit 5) en toespraak (Aktiwiteit 6) moet oorspronklik en dus jou eie werk wees.

## AKTIWITEIT 5 SKRIFTELIKE TAAK

Skryf 'n opstel van **250 tot 350 woorde** oor die invloed wat die TWEE vroue waaroor jy navorsing gedoen het, op jou as tiener het. Die opskrif is: **Die positiewe invloed van vroue op my lewe**. Jou skryfstuk moet waarderend en deurgaans positief aangebied word. Fokus op die bydrae wat die twee vroue het/gehad het t.o.v. jou tienerlewe.

**Vroue is onmisbaar in 'n tiener se lewe en hulle positiewe invloed mag nie geringgeskat word nie.**

IEB © Copyright 2020

Die volgende struktuur is slegs 'n voorbeeld en mag verander word.

- opskrif
- inleidingsparagraaf (bevat 'n verwysing na/aanhaling uit 'n Afrikaanse gedig)
- inhoudsparagraaf 1 (gebruik die inligting wat jy d.m.v. die onderhoud bekom het en verwerk dit tot 'n sinvolle paragraaf)
- inhoudsparagraaf 2 (gebruik die navorsing wat jy op die internet gedoen het en verwerk dit tot 'n paragraaf)
- inhoudsparagraaf 3 (verwys na die positiewe invloed van beide vrouefigure en hoe jy dit deel van jou lewe wil maak)
- slotparagraaf (bevat 'n verwysing na/aanhaling uit 'n Afrikaanse gedig)
- woordtelling
- bibliografie

Die skryfstuk sal aan die hand van 'n rubriek geassesseer word. Vra die onderwyser gerus om die rubriek te verduidelik sodat jy presies weet waarvoor punte toegeken gaan word. Die skriftelike taak tel **20 punte**.

## AKTIWITEIT 6 MONDELINGE TAAK

Verwys in jou toespraak na **EEN** van die vroue wat jy nagevors het. Die fokus moet egter steeds die positiewe invloed van daardie persoon op jou lewe wees. Die toespraak moet **1½ tot 2 minute** duur. Sleutelkaarte mag gebruik word. Gebruik gerus die volgende struktuur wanneer jy die toespraak skryf:

- aanhef
- inleiding
- beskryf die persoon wat jy nagevors het
- bespreek die positiewe invloed van die persoon op jou lewe
- verwys na die gedig om jou aannames te verstewig
- slot/samevatting

Die taak word volgens 'n gestandaardiseerde **IEB-rubriek** geassesseer en tel **20 punte**. Vra gerus vir die onderwyser om die rubriek wat gebruik gaan word aan jou te verduidelik, sodat jy weet waarvoor punte toegeken gaan word.

## AKTIWITEIT 7 VOORBEREIDE LEES

Kies een van die TWEE gedigte wat jy vir die skriftelike opdrag gebruik het. Die gedig moet deeglik voorberei word sodat dit hardop voorgelees kan word.

Vra die onderwyser om die gestandaardiseerde IEB-rubriek waarvolgens jy geassesseer gaan word, aan jou te verduidelik sodat jy weet waarna gekyk gaan word. Die onderwyser mag vrae na afloop van die voorlesing vra om te bepaal of jy verstaan wat jy gelees het. Die opdrag tel **10 punte**.

IEB © Copyright 2020